

**29 Junie**

**2 Timoteus 3:1-17 (1933-vert.)**

***Liefdeloosheid en geldgierigheid in die laaste dae ook tekens van die tye***

Die getal mense in die wêreld wat nie meer die lewende God vrees nie word al hoe groter. En daarom neem die wetteloosheid en goddeloosheid al hoe groter afmetings aan - ook in ons eie land. Die verdorwenheid in die laaste dae sal hom veral daarin openbaar dat 'n yskoue wind van liefdeloosheid oor die wêreld sal waai. En hierdie gebrek aan ware liefde tot God en die naaste sal in verskillende sondes tot openbaring kom (vgl. verse 2-5).

Voorop word in vers 2(a) geldgierigheid genoem. Die samelewing vandag word al hoe meer gekenmerk deur 'n al-sterker-wordende materialistiese lewenshouding en gepaardgaande selfsug en egoïsme. Daarom moet die dringende en ernstige waarskuwing van die Here Jesus in sy Bergpredikasie vandag deur elkeen ter harte geneem word as Hy sê: "Niemand kan twee here dien nie, want óf hy sal die een haat en die ander liefhê, óf hy sal die een aanhang en die ander verag. Julle kan nie God en Mammon (d.i. die geldgod) dien nie" (Matt 6:24).

Hoe kan ons nou, as Christengelowiges, staande bly teen die gees van die Antichris wat in al hierdie sondes weerspieël word? Paulus sê aan Timoteus in verse 14 en 15: "Maar bly jy in wat jy geleer het en waarvan jy verseker is, omdat jy weet van wie jy dit geleer het, en dat jy van kleins af die heilige Skrifte ken wat jou wys kan maak tot saligheid deur die geloof in Christus Jesus".

Waar die tye vir ons as ware gelowiges al hoe swaarder gaan word, namate die wetteloosheid en goddeloosheid vermeerder, moet ons, as verbondsouers, ons kinders weer grootmaak in die kerk, huisgodsdien en huiskatkisasie hou en by hulle 'n liefde kweek van jongs af vir die huis van die Here, en vir sy diens. Ons sal as uitverkore kinders van God ons al hoe meer moet verdiep in die Woord van die Here - dit is ons wapentuig teen al die aanslae van die bose. Ons sal die genademiddele met groter ywer en toewyding moet gebruik tot versterking van ons geloof. Ons sal elke dag in 'n lewende gebedsverhouding met ons Vader in die hemel en ons Verlosser, Jesus Christus, moet verkeer en bid om die vernuwende krag van die Heilige Gees, om in ware liefde en dankbaarheid teenoor God en teenoor ons naaste te lewe.

Sing: Psalm 14:1-6    Ds. K. van Niekerk (Pretoria-Wonderboom-Suid)